Dieper Wandel 9. 5/4/23

ADAM IN DIE TUIN – Elizabeth Jordaan

*"Die EERSTE MENS, ADAM, het 'n lewende siel (wese) geword; die LAASTE ADAM 'n lewendmakende Gees. Die EERSTE MENS was UIT DIE AARDE aards, die TWEEDE MENS is die Here UIT DIE HEMEL. Soos die aardse mens was, SO IS OOK DIE AARDSE MENSE; en soos die hemelse mens is, SO IS OOK DIE HEMELSE MENSE. En soos ons DIE BEELD VAN DIE AARDSE gedra het, so sal ons ook DIE BEELD VAN DIE HEMELSE dra." (1Kor.15:45-49)*

DIE EERSTE ADAM EN DIE TUIN VAN EDEN.

- *God het gesê: "Laat Ons MENSE maak na Ons beeld, na Ons gelykenis. En God het DIE MENS geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy HOM geskape; MAN EN VROU het Hy HULLE geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en VUL DIE AARDE, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." (Gen.1:26-28)*
- *En die HERE God het DIE MENS GEFORMEER UIT DIE STOF VAN DIE AARDE en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. Ook het die HERE God 'N TUIN GEPLANT IN EDEN, in die Ooste, en daar AAN DIE MENS wat Hy geformeer het, 'N PLEK GEGEE." (Gen.2:7-8)*
- *"En Hy het UIT EEN BLOED AL DIE NASIES VAN DIE MENSDOM gemaak om OOR DIE HELE AARDE TE WOON, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het." (Hand.17:26)*
- *"Die hemele is vir die HERE, maar die aarde het Hy aan DIE MENSEKINDERS gegee." (Psalm 115:16)*

Maar daar was ook iemand anders in die Tuin van Eden. Hy was ook 'n geskape wese, maar hy was nie aards. Hy het in die hemel gehoort. Hy het saam met ander hemelse wesens gesien hoe God die aarde geskape het. Hulle het ook gesien hoe God 'n skepsel maak in Sy beeld en Sy gelykenis. Hierdie hemelse wesens, wat ook deur God geskape is, word beskryf as "môresterre", "seuns van God", engele, gerubs en serafs. Al hierdie wesens word beskryf as magtige wesens rondom God se troon. Die gerubs en serafs is vreesaanjaende vurige wesens, met vlerke vol oë, sommige met vier koppe en vier gesigte. Hierdie wese wat die Tuin van Eden binne gekom het was ook 'n "môrester", 'n gerub, 'n vurige slang (draak) met sewe koppe… Hy het 'n ander gedagte in sy hart gekry.

- *"Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het…Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?" (Job 38:4,7)*
- *"Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, MY GELYKSTEL MET DIE ALLERHOOGSTE!" (Jes.14:12-14)*
- *"Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy*

*geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans." (Eseg.28:13-15,17)*

- *"daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;" "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde." (Openb.12:3,9)*
- *"Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." (Joh.8:44)*

Hierdie wese se hart het boos geword. Hy was nie tevrede om net te wees wie God hom geskape het om te wees nie. Hy wou hê sy troon moet bokant die ander "sterre" van God verhef word. Hy wou gelyk gestel wees aan die Skepper, die Allerhoogste. Sy karakter het verander. Hy word 'n moordenaar, 'n leuenaar, 'n bedrieër en 'n verleier. Hy word die duiwel, wat mense aanklaag by God. Hy word Satan, die teenstander. Hy word boos en daar is geen waarheid in hom nie. Hierdie wese verskyn in die Tuin van Eden as die listige slang en bedrieg die vrou en verlei haar om God se uitdruklike opdrag om nie van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet nie, te verontagsaam.

- *"Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: JULLE SAL GEWIS NIE STERWE NIE; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, SODAT JULLE SOOS GOD SAL WEES deur goed en kwaad te ken." (Gen.3:1-5)*

Die slang het die vrou verlei en bedrieg en sy het van die verbode boom se vrugte geëet en aan haar man gegee om ook te eet. Hulle oë gaan oop vir boosheid maar hulle verstand en hart word verblind. Satan trek 'n digte sluier oor die hele wêreld sodat mense nie meer God se lig kan sien nie. Die verstand van mense het dwaas geword, sonder kennis van God; hulle harte is verduister en verhard weens ongeloof en boosheid. Die dood het oor hulle geheers en Satan het hulle deur sy leuens verslaaf aan die vrees vir die dood. En die mens is verban uit die Tuin van Eden.

- *"omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister." (Rom.1:21)*
- *"Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het" (Rom.5:12)*
- *"Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom." (Rom.5:14)*

Dwarsdeur die geskiedenis van die mensdom het hierdie sluier dig om hulle gesluit. Hulle was vasgevang onder die mag van Satan, die mag van sonde en die mag van die dood. Die wêreld was in diep duisternis. Mense op aarde was in die skaduwee van die dood. Selfs die Ou Testamentiese openbarings van God kon nie die sluier wegneem nie.

- *"Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo." (2 Kor.3:14)*

Tog was daar beloftes dat die sluier eendag weggeneem sou word en dat die lig sal kom…

- *"Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; DIE WAT WOON IN DIE LAND VAN DIE DOODSKADUWEE, oor hulle het 'n lig geskyn." (Jes.9:1)*
- *"En Hy sal op hierdie berg VERNIETIG DIE UITGESPREIDE SLUIER WAT AL DIE VOLKE OMSLUIER, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is. Hy sal die dood vir ewig vernietig." (Jes.25:7-8)*
- *"As die evangelie wat ons verkondig, tog nog MET 'N SLUIER BEDEK is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan. Hulle is die ongelowiges WIE SE VERSTAND DEUR DIE GOD VAN HIERDIE WÊRELD VERBLIND is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie." (2 Kor.4:3-4)*

DIE LAASTE ADAM EN DIE TUIN VAN GETSÉMANÉ.

- *"Die WAARAGTIGE LIG WAT ELKE MENS VERLIG, was aan kom in die wêreld." (Joh.1:9)*
- *"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ONS HET SY HEERLIKHEID AANSKOU, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid." (Joh.1:14)*

Daardie nag het Hy die Pasga die laaste keer met sy dissipels geëet. Die volgende dag sou Hy die Fees vervul, as Lam geoffer word, en die mag van Satan, van sonde en die dood, breek. Hy het 'n nuwe Fees ingewy met die Brood en die Wyn van die Nuwe Verbond. Die Pasga ete van die offerlam is vervang met die eet van Sy liggaam (die brood) en drink van Sy bloed (die wyn):

- *Hy het die brood geneem, dit gebreek en gesê: "Eet, dit is My Liggaam wat vir julle gebreek word. Doen dit tot My gedagtenis." Hy het die beker geneem na die ete en gesê: "Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom." (1Kor.11:24-26)*

In die Tuin van Getsémané het Jesus geworstel om Sy eie wil neer te lê sodat Sy Vader se wil kon geskied. Sy Vader se wil was dat Hy, die Seun van God, die Seun van die mens, die beker van God se wraak oor sonde, moes drink, en die prys vir sonde moes betaal – die dood. Hier in die Tuin van Getsémané, het Jesus as laaste Adam, die beker by God geneem en dit gedrink, namens die hele sondige mensdom. Hy het die Tuin verlaat en Homself oorgegee om gekruisig te word.

- *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." (Luk.23:34)*
- *En die negende uur het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: "Eloï, Eloï, lamma sabagtáni? wat, as dit vertaal word, beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Mar.15:34)*
- *En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: "Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en sy gees gegee." (Joh.19:30)*

*En die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur van bo tot onder. (Mar.15:38)*

Met hierdie een daad van gehoorsaamheid het Jesus die sonde van die eerste Adam en die hele mensdom tot niet gemaak, die skuld vereffen, die doodstraf uitgedien, die losprys betaal, die slawerny van Satan vernietig en die sluier gelig. Die lig van die evangelie het die duisternis oorwin. Die menslike hart was weer vry om te glo. Dit was moontlik dat mense uiteindelik weer die beeld van God kan wees, die beeld van die Seun van God. En uiteindelik kan ons sonder die sluier na God kyk en Sy heerlikheid sien. Dit waarvoor God die MENS geskape het, is herstel.

- *Die een daad van gehoorsaamheid het dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal. Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word. (Rom.5:18-21)*
- *"En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra." (1Kor.15:49)*
- *"Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." (2Kor. 3:18)*

*"Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie. Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water. Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou;" (Heb.10:18-23)*

**Daar wag 'n heerlike belofte vir dié wat Jesus aanneem:**

***"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is." (Openb.2:7)***